

FEES VAN DIE VERHEERLIKING VAN DIE HERE 6 AUGUSTUS

Veertig dae voor die fees van die Kruisverheffing herinner hierdie viering, wat ook bekend staan as die Gedaanteverwisseling van die Here, ons daar-aan hoe Christus sy dissipels wou voorberei op sy Kruisdood. Met sy binnekring van Petrus, Johannes en Jakobus, bestyg die Here Jesus die Taborberg waar Hy hulle sy ware aangesig en al sy heerlikheid laat sien.

In dié voorafbeelding van sy Opstanding gee die Here ons 'n kykie op ons ewige toekoms. Maar eers moet ons saam met Hom die Kruisweg aanpak en sal ons geloof tot die uiterste beproef en gesuiwer word.